MEDIA RELEASE
BY CHRISTIAN DEMOCRATIC ALLIANCE (CDA)

25 OCTOBER 2010

Matrieks: Uitdaging nou en later
"Die Christen-Demokratiese Party (CDP) wens vanjaar se matrieks alle sterkte toe met die aflê van hul eindeksamen," sê ds. Theunis Botha, leier van die CDP.

"Vandag begin matrieks met hul matriekeindeksamen na 'n jaar waarin omtrent alles vir hulle verkeerd gegaan het wat verkeerd kon verloop het, terwyl hulle in elk geval vasgevang sit in 'n onderwysstandaard wat internasionaal veel te wense oorlaat. Daar was 'n langdurige onderwysstaking, en talle moes onder die moeilikste huislike toestande denkbaar studeer.

"Terwyl die bereiking van matriek vir baie 'n groot oomblik is, bepaal die realiteite daarbuite dat elkeen wat enigsins die geleentheid tot verdere studie het, daardie geleentheid moet aangryp om die probleem van werkloosheid te oorkom. Vir sommiges wag die verdere teleurstelling dat daar weens hul velkleur teen hulle vir toelating tot gesogte kursusse en beskikbare poste gediskrimineer gaan word."

"Ons spreek van harte die vertroue uit dat die onderwysdepartement nou die vrot kolle rondom die uitreik van uitslae oorkom het, nadat dit geblyk het dat daar steeds matrikulante van vorige jare is wat nie hul volledige matriekuitslae ontvang het nie."

"Ons doen 'n beroep op die matrikulante om hard te studeer en hard te werk om bo hierdie benouende toestande uit te styg. Ons bid hulle alle sterkte met die eksamen toe."

Matrics –challenges now and later "The Christian Democratic Party (CDP) wishes the 2010 matrics all the best with the matric exams," says Rev. Theunis Botha, leader of the CDP.

""Matrics start their final exam today in a year where almost everything that could have gone wrong for them, did go wrong, whilst they are in any case trapped in an educational system with very low international esteem. There was an extended teachers' strike, and many had to study in the most tiring home situations imaginable."

"Whilst matric is an important achievement for many, realities determine that any person who has the opportunity for further study, must make full use of such opportunities in order to break out of the cycle of unemployment. For some, however, there will be the added disappointment that they will face racial discrimination when applying to enter for some courses, or when applying for work."

"We trust that the education department has succeeded in ridding itself from the gremlins with releasing matric results, after it transpired that some matrics from previous years have not yet obtained their full matric results."

"We call on the matrics to study and work hard in order to elevate themselves above all this. We pray them the Lord's blessings with the exams."